Inventory	2 201 662	2 292 958	489 679	437 847
Trade and other receivables	1 676 059	1 593 707	1 156 297	1 121 622
Short-term loans	212 700	27 328	216 761	34 464
Cash and cash equivalents	54 517	77 927	16 066	18 857
Derivatives	91 941	95 309	1 351	682
Income tax	12 604	17 839	–	1 604
	<u>4 249 483</u>	<u>4 105 068</u>	<u>1 880 154</u>	<u>1 615 076</u>
<b>Total assets</b>	<u><u>5 734 884</u></u>	<u><u>5 352 403</u></u>	<u><u>2 939 392</u></u>	<u><u>2 528 736</u></u>

**SENTRAAL-SUID CO-OPERATIVE LTD AND ITS SUBSIDIARIES**  
**SUMMARY STATEMENTS OF FINANCIAL POSITION**  
as at 29 February 2024 (continued)

	GROUP		CO-OPERATIVE	
	2024 R'000	2023 R'000	2024 R'000	2023 R'000
<b>EQUITY AND LIABILITIES</b>				
<b>Capital and reserves</b>				
Reserves	1 632 835	1 430 789	1 078 884	995 308
Share capital	7 245	7 106	7 261	7 118
Members' funds	190 550	139 541	190 653	139 738
Members' interest	1 830 630	1 577 436	1 276 798	1 142 164
Non-controlling interest	469 060	399 650	–	–
<b>Total equity</b>	<b>2 299 690</b>	<b>1 977 086</b>	<b>1 276 798</b>	<b>1 142 164</b>
<b>Non-current liabilities</b>				
Long-term loans	295 885	210 457	203 355	117 731
Deferred tax liabilities	49 030	47 503	8 151	11 879
Post-retirement medical benefits	2 680	2 693	2 288	2 300
	347 595	260 653	213 794	131 910
<b>Current liabilities</b>				
Trade and other creditors	664 338	648 019	501 902	498 641
Provisions	184 643	91 061	24 972	20 006
Short-term loans	1 735 344	2 200 727	591 175	693 872
Derivatives	20 874	23 955	502	–
Bank overdraft	480 749	150 822	329 227	42 143
Income tax	1 651	80	1 022	–
	3 087 599	3 114 664	1 448 800	1 254 662
<b>Total equity and liabilities</b>	<b>5 734 884</b>	<b>5 352 403</b>	<b>2 939 392</b>	<b>2 528 736</b>

**SENTRAAL-SUID KOÖPERASIE BPK EN SY FILIALE  
OPGESOMDE STATE VAN OMVATTENDE INKOMSTE  
vir die jaar geëindig 29 Februarie 2024**

	GROEP		KOÖPERASIE	
	2024 R'000	2023 R'000	2024 R'000	2023 R'000
Inkomste	7 158 273	7 018 892	3 111 833	2 794 572
Koste van verkope	(5 813 382)	(5 343 773)	(2 519 010)	(2 287 669)
Ledebonusse verklaar	(80 000)	(70 000)	(80 000)	(70 000)
<b>Bruto wins</b>	<b>1 264 891</b>	<b>1 605 119</b>	<b>512 823</b>	<b>436 903</b>
Ander inkomste	176 991	152 038	176 946	160 432
Ander winste / (verliese) – netto	86 839	(495 110)	1 978	757
Administratiewe en bedryfsuitgawes	(929 419)	(828 532)	(465 288)	(413 517)
<b>Bedryfswins</b>	<b>599 302</b>	<b>433 515</b>	<b>226 459</b>	<b>184 575</b>
Finansieringsinkomste	11 783	3 765	10 991	11 681
Finansieringskoste	(224 203)	(161 439)	(125 932)	(73 903)
<b>Wins voor ekwiteitsverdienste</b>	<b>386 882</b>	<b>275 841</b>	<b>111 518</b>	<b>122 353</b>
Ekwiteitswins / (verlies) in gesamentlike onderneming	(134)	2 702	(134)	2 702
<b>Wins voor belasting</b>	<b>386 748</b>	<b>278 543</b>	<b>111 384</b>	<b>125 055</b>
Belasting	(109 076)	(82 401)	(29 803)	(22 004)
<b>Wins vir die jaar</b>	<b>277 672</b>	<b>196 142</b>	<b>81 581</b>	<b>103 051</b>

# SENTRAAL-SUID KOÖPERASIE BPK EN SY FILIALE OPGESOMDE STATE VAN OMVATTENDE INKOMSTE vir die jaar geëindig 29 Februarie 2024 (vervolg)

GROEP		KOÖPERASIE	
2024 R'000	2023 R'000	2024 R'000	2023 R'000

## Ander omvattende inkomste

### Items wat nie herklassifiseer sal word na wins en verlies nie

Waardasie-aanpassing op na-aftrede mediese voordele	10	(240)	10	(240)
Uitgestelde belasting op waardasie-aanpassing op na-aftrede mediese voordele	2	44	2	44
Wisselkoersverskille op die omskakeling van buitelandse bedrywighede	(3 450)	(1 850)	–	–

### Items wat herklassifiseer sal word na wins en verlies

Billike waarde-aanpassing van finansiële bates beskikbaar vir verkoop	1 599	(1 669)	1 645	(1 788)
Uitgestelde belasting op billike waarde-aanpassing	394	479	338	506
<b>Totale omvattende inkomste vir die jaar</b>	<b>276 227</b>	<b>192 906</b>	<b>83 576</b>	<b>101 573</b>

## Wins toeskryfbaar aan:

Lede	204 104	143 432	81 581	103 051
Nie-beherende belang	73 568	52 709	–	–
	<b>277 672</b>	<b>196 141</b>	<b>81 581</b>	<b>103 051</b>

## Totale omvattende inkomste toeskryfbaar aan:

Lede	202 659	140 197	83 576	101 573
Nie-beherende belang	73 568	52 709	–	–
	<b>276 227</b>	<b>192 906</b>	<b>83 576</b>	<b>101 573</b>

**SENTRAAL-SUID CO-OPERATIVE LTD AND ITS SUBSIDIARIES**  
**SUMMARY STATEMENTS OF COMPREHENSIVE INCOME**  
for the year ended 29 February 2024

	GROUP		CO-OPERATIVE	
	2024 R'000	2023 R'000	2024 R'000	2023 R'000
Income	7 158 273	7 018 892	3 111 833	2 794 572
Cost of sales	(5 813 382)	(5 343 773)	(2 519 010)	(2 287 669)
Bonuses declared	(80 000)	(70 000)	(80 000)	(70 000)
Gross profit	1 264 891	1 605 119	512 823	436 903
Other income	176 991	152 038	176 946	160 432
Other profits / (losses) – net	86 839	(495 110)	1 978	757
Administrative and operating expenses	(929 419)	(828 532)	(465 288)	(413 517)
Operating profit	599 302	433 515	226 459	184 575
Finance income	11 783	3 765	10 991	11 681
Finance costs	(224 203)	(161 439)	(125 932)	(73 903)
Profit before equity earnings	386 882	275 841	111 518	122 353
Equity profit / (loss) in joint venture	(134)	2 702	(134)	2 702
Profit before tax	386 748	278 543	111 384	125 055
Tax	(109 076)	(82 401)	(29 803)	(22 004)
<b>Profit for the year</b>	<b>277 672</b>	<b>196 142</b>	<b>81 581</b>	<b>103 051</b>

**SENTRAAL-SUID CO-OPERATIVE LTD AND ITS SUBSIDIARIES**  
**SUMMARY STATEMENTS OF COMPREHENSIVE INCOME**  
for the year ended 29 February 2024 (continued)

GROUP		CO-OPERATIVE	
2024 R'000	2023 R'000	2024 R'000	2023 R'000

**Other comprehensive income**

**Items that will not be reclassified to profit and loss**

Actuarial adjustment to post-retirement medical benefits	10	(240)	10	(240)
Deferred tax on actuarial adjustment to post-retirement medical benefits	2	44	2	44
Exchange rate differences on the conversion of foreign operations	(3 450)	(1 850)	–	–

**Items that will be reclassified to profit and loss**

Fair value adjustment to financial assets available for sale	1 599	(1 669)	1 645	(1 788)
Deferred tax on fair value adjustments	394	479	338	506

**Total comprehensive income for the year (net of tax)**

	276 227	192 906	83 576	101 573
--	---------	---------	--------	---------

Profit attributable to:

Members	204 104	143 432	81 581	103 051
Non-controlling interest	73 568	52 709	–	–
	277 672	196 141	81 581	103 051

Total comprehensive income attributable to:

Members	202 659	140 197	83 576	101 573
Non-controlling interest	73 568	52 709	–	–
	276 227	192 906	83 576	101 573

# SENTRAAL-SUID KOÖPERASIE BPK EN SY FILIALE OPGESOMDE STATE VAN KONTANTVLOEIE vir die jaar geëindig 29 Februarie 2024

	GROEP		KOÖPERASIE	
	2024 R'000	2023 R'000	2024 R'000	2023 R'000
<b>Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite</b>				
Kontant (aangewend in)/gegeneer deur bedrywighede	700 868	(233 758)	77 149	(149 412)
Rente ontvang	146 169	93 876	146 169	93 876
Rente betaal	(224 203)	(161 439)	(125 932)	(73 903)
Belasting betaal	(100 732)	(91 751)	(30 564)	(23 271)
<b>Netto kontant (aangewend in)/gegeneer deur bedryfsaktiwiteite</b>	<b>522 102</b>	<b>(393 072)</b>	<b>66 822</b>	<b>(152 709)</b>
<b>Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite</b>				
Toevoeging tot eiendom, aanleg en toerusting	(297 490)	(230 541)	(147 952)	(117 926)
Opbrengs met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting	10 216	3 708	1 684	1 702
Lenings aan filiale terugontvang	-	-	3 120	257 308
Lenings aan filiale toegestaan	-	-	(1 927)	(831)
Verkryging van finansiële bates beskikbaar vir verkoop	(19 113)	(14 390)	(18 673)	(14 247)
Opbrengs met verkoop van finansiële bates beskikbaar vir verkoop	8 230	-	8 230	-
Lenings aan gesamentlike ondernemings terugontvang	2 406	-	2 406	-
Lenings aan gesamentlike ondernemings toegestaan	(455)	(6 118)	(455)	(6 118)
Langtermynlenings terugontvang	2 456	1 864	-	-
Langtermynlenings toegestaan	(650)	(1 684)	-	-
Korttermynbelegging terugontvang	-	37 356	-	8 748
Korttermynbelegging toegestaan	(200 082)	(56)	(200 000)	-
Verkryging van belegging in filiaal	(141)	-	(141)	-
Rente ontvang	11 782	3 765	10 991	11 681
Dividende ontvang	4 839	2 395	16 035	53 128
<b>Netto kontant (aangewend in)/gegeneer deur beleggingsaktiwiteite</b>	<b>(478 002)</b>	<b>(203 701)</b>	<b>(326 683)</b>	<b>193 445</b>

# SENTRAAL-SUID KOÖPERASIE BPK EN SY FILIALE OPGESOMDE STATE VAN KONTANTVLOEIE vir die jaar geëindig 29 Februarie 2024 (vervolg)

	GROEP		KOÖPERASIE	
	2024 R'000	2023 R'000	2024 R'000	2023 R'000
<b>Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite</b>				
Langtermynlenings terugbetaal	(2 273)	(25 996)	–	(23 440)
Langtermynlenings aangegaan	76 979	135 208	75 379	–
Korttermynlenings terugbetaal	(627 773)	–	(92 452)	(60 857)
Korttermynlenings aangegaan	173 112	426 997	–	31 312
Aandele ingetrek	(215)	(184)	(214)	(184)
Aandele uitgereik	348	332	352	332
Aandele opbetaal uit omsetbonus	6	29	6	29
Terugkoop van aandele	(660)	(29 126)	–	–
Ledefonds uitbetaal	(12 991)	(21 235)	(13 085)	(21 135)
Dividende betaal aan nie-beherende belang	(3 970)	(4 192)	–	–
<b>Netto kontant (aangewend in)/gegeneer deur finansieringsaktiwiteite</b>	<b>(397 437)</b>	<b>481 833</b>	<b>(30 014)</b>	<b>(73 943)</b>
Afname in kontant en kontantekwivalente	(353 337)	(114 940)	(289 875)	(33 207)
Kontant en kontantekwivalente aan begin van jaar	(72 895)	42 045	(23 286)	9 921
<b>Kontant en kontantekwivalente aan einde van jaar</b>	<b>(426 232)</b>	<b>(72 895)</b>	<b>(313 161)</b>	<b>(23 286)</b>

# SENTRAAL-SUID CO-OPERATIVE LTD AND ITS SUBSIDIARIES


## SUMMARY STATEMENTS OF CASHFLOWS

for the year ended 29 February 2024

	GROUP		CO-OPERATIVE	
	2024 R'000	2023 R'000	2024 R'000	2023 R'000
<b>Cash flow from operating activities</b>				
Cash (utilised in)/generated from activities	700 868	(233 758)	77 149	(149 412)
Interest received	146 169	93 876	146 169	93 876
Interest paid	(224 203)	(161 439)	(125 932)	(73 903)
Taxation paid	(100 732)	(91 751)	(30 564)	(23 271)
<b>Net cash (utilised in)/generated from operating activities</b>	<b>522 102</b>	<b>(393 072)</b>	<b>66 822</b>	<b>(152 709)</b>
<b>Cash flow from investment activities</b>				
Addition to property, plant and equipment	(297 490)	(230 541)	(147 952)	(117 926)
Proceeds on sale of property, plant and equipment	10 216	3 708	1 684	1 702
Loans to subsidiaries received	–	–	3 120	257 308
Loans granted to subsidiaries	–	–	(1 927)	(831)
Acquiring financial assets available for sale	(19 113)	(14 390)	(18 673)	(14 247)
Proceeds on sale of financial assets available for sale	8 230	–	8 230	–
Loan received from joint venture	2 406	–	2 406	–
Loan granted to joint venture	(455)	(6 118)	(455)	(6 118)
Long-term loans received	2 456	1 864	–	–
Long-term loans granted	(650)	(1 684)	–	–
Short-term Investments received	–	37 356	–	8 748
Short-term Investments granted	(200 082)	(56)	(200 000)	–
Acquiring interest in subsidiary	(141)	–	(141)	–
Interest received	11 782	3 765	10 991	11 681
Dividends received	4 839	2 395	16 035	53 128
<b>Net cash (utilised in)/generated from investment activities</b>	<b>(478 002)</b>	<b>(203 701)</b>	<b>(326 683)</b>	<b>193 445</b>

**SENTRAAL-SUID CO-OPERATIVE LTD AND ITS SUBSIDIARIES**  
**SUMMARY STATEMENTS OF CASHFLOWS**  
for the year ended 29 February 2024 (continued)

	GROUP		CO-OPERATIVE	
	2024 R'000	2023 R'000	2024 R'000	2023 R'000
<b>Cash flow from financing activities</b>				
Long-term loans repaid	(2 273)	(25 996)	–	(23 440)
Long-term loans obtained	76 979	135 208	75 379	–
Short-term loans repaid	(627 773)	–	(92 452)	(60 857)
Short-term loans obtained	173 112	426 997	–	31 312
Shares cancelled	(215)	(184)	(214)	(184)
Shares issued	348	332	352	332
Shares paid up by Member bonuses	6	29	6	29
Repurchase of shares	(660)	(29 126)	–	–
Members' funds repaid	(12 991)	(21 235)	(13 085)	(21 135)
Dividends paid to non-controlling interest	(3 970)	(4 192)	–	–
<b>Net cash (utilised in)/generated from financing activities</b>	<b>(397 437)</b>	<b>481 833</b>	<b>(30 014)</b>	<b>(73 943)</b>
Decrease in cash and cash equivalents	(353 337)	(114 940)	(289 875)	(33 207)
Cash and cash equivalents at beginning of year	(72 895)	42 045	(23 286)	9 921
<b>Cash and cash equivalents at end of year</b>	<b>(426 232)</b>	<b>(72 895)</b>	<b>(313 161)</b>	<b>(23 286)</b>



## AANTEKENING 1

### **Basis van voorbereiding**

Die opgesomde afsonderlike en gekonsolideerde finansiële state is opgestel vanuit die volledige geouditeerde afsonderlike en gekonsolideerde finansiële state vir die jaar geëindig 29 Februarie 2024.

Hierdie opgesomde afsonderlike en gekonsolideerde finansiële state vervat die afsonderlike en gekonsolideerde state van finansiële posisie en afsonderlike en gekonsolideerde state van omvattende inkomste en kontantvloeie soos vervat in die geouditeerde afsonderlike en gekonsolideerde finansiële state, sonder enige aansuiwerings of samevoegings.

## NOTE 1

### **Basis of preparation**

The summary separate and consolidated financial statements have been compiled from the full set of audited separate and consolidated financial statements for the year ended 29 February 2024.

The summary separate and consolidated financial statements, which comprise the separate and consolidated statements of financial position and separate and consolidated statements of comprehensive income and cash flows, are derived from the audited separate and consolidated financial statements, without any changes or off-setting.

# SENTRAAL-SUID KOÖPERASIE BPK EN SY FILIALE FINANSIËLE BESTUURSOORSIG 2024

## AGTERGROND


Na die 2020 Covid-19 pandemie is gereeld gemeld dat ons ons moet voorberei op die 'nuwe normaal'. Min het ons geweet hoe ongewoon hierdie 'nuwe normaal' sou wees. Op internasionale front blyk die era van verdraagsaamheid blitsig tot 'n einde te kom, met konfrontasie wat op staats- en interne fronte die hoogty vier. Die voortslepende oorlog tussen Rusland en Oekraïne word weinig oor verslag gedoen op nuusplatforms en het plek gemaak vir die kookpot van globale onenigheid. Die Israeliese en Palestynse twis en die rekord aantal verkiesings wat wêreldwyd in 2024 beslis word kry al die lugtyd. Die verkiesings word beslis tussen al hoe meer radikale politieke partye oor die wye spektrum.

Ontwikkelende lande raak al hoe meer keelvol vir die instruktiewe rol wat die ontwikkelde lande, verteenwoordig deur die G7, speel. Baie van hierdie ontwikkelende lande skaar hul nou by die BRICS groepering, soveel so dat die BRICS+ (wat nog addisionele lande insluit bo- en behalwe die stigterslande) by die mees onlangse BRICS beraad aanvaar is. Hierdie groepering begin al hoe meer stem dik maak namate hul finansiële spiere groei en is daar groot bekommernis by die groter moonthede oor die impak wat hierdie gesamentlike groepering sal kan hê sou daar drasties opgetree word teen een van hierdie groepering se lede. Sedert die tweede wêreld oorlog was die planeet nog nie weer so naby aan 'n grootskaalse konflik soos nou nie, en die trajek is kommerwekkend. Nasionalisme bly hard te baklei teen idealisme, met min agting wat gegee word aan realisme.

Verbasend genoeg het insetpryse hul dalende tendens voortgesit, soos wat die markte gewoon geraak het aan hierdie 'nuwe normaal'. Die resies om hulpbron-ryk Afrika korporatief te beset is in volle swang met China en Rusland wat hier die voortou neem, tot die VSA en Europa se groot frustrasie.

Die loods en die gevolglike massiewe sukses van kunsmatige intelligensie het in die laaste jaar alle aspekte van ons lewens, beide professioneel en persoonlik betree. Daar heers groot kommer dat die werknemers en besighede van vandag nie genoeg tyd het om hul aan te pas alvorens die rol wat baie van hul vervul, nie meer benodig gaan word nie. Elektriese voertuie, hernubare energie en outomatisering kry die leeudeel van investering uit kapitale markte. Terselfdertyd word krediet afgewurg in verbruikers se kele, met aanbod wat hier so omvangryk raak, dat ongedissiplineerde verbruikers hier in die strik trap. Mens wonder hoe volhoubaar hierdie tendens is en hoe lank die verbruiker gaan voortgaan om bloot te werk om skuld te diens alvorens hul oorgee. Die markte sal 'n regstelling wat hierdeur veroorsaak sal word beswaarlik kan bekostig.

Die Rand het 'n stabiele jaar beleef en is marginaal sterker as 'n jaar gelede. Dit opsigself is verbasend gegewe die deurlopende slegte nuus wat uit Suid-Afrika voortvloei. Politieke onmin, voortslepende korrupsie, swak funksionerende staatsinstellings, beurtkrag en Suid-Afrika se onvermoë om te kapitaliseer op die massiewe investering wat in Afrika plaasvind, is teleurstellend.



Rentekoerse het vir die hele finansiële jaar onveranderd gebly, met die huidige primakoers ten tyde van hierdie skrywe (Junie 2024) op 11.75%. Die Rand verhandel tans teen R17.96/\$1 (R18.75/\$1 laasjaar hierdie tyd). Op politieke front is die Suid-Afrikaanse verkiesing sopas afgehandel met die ANC wat 'n geskiedkundige nederlaag gelei het. Die Umkhonto WeSizwe party, onder leiding van oud-President Jacob Zuma het die regerende party 'n bloedneus gegee deur amper 15% van hul stemme af te rokkel. Dit het die ANC met net meer as 40% van die stemme gelaat. Hierdie uitslag dwing die ANC om 'n regering van nasionale eenheid op die been te bring en koalisis wat 10 jaar gelede as onmoontlik beskryf sou word, word nou gevorm. Of die politieke wil daar is om dit te laat werk, is onwaarskynlik, met die mense van Suid-Afrika wat, soos gewoonlik, die prys hiervoor sal moet betaal. Mens wonder of die Reënboognasie nie baie beter oor die weg sou kom sonder die inmenging van politieke partye nie.


Die Suid-Afrikaanse landbousektor het 'n gemengde jaar beleef met uiters droë toestande wat die someraanplantings in die Noorde gekenmerk het. Dit het gelei tot massiewe stygings in veral mieliepryse, wat dienooreenkomstig die melkbedryf se voerkoste drasties verhoog het. Goeie reënval in die Wes-, Oos- en Noord-Kaap het welkome verligting gebring en dam oorlope het uiteindelik weer hul rol vervull. Die voorgestelde wysiging van die Grondwet om vir die onteiening van grond sonder vergoeding voorsiening te maak, bring steeds onsekerheid in 'n sektor wat dit nie nodig het nie. Landbou se bydrae tot werkskepping is steeds wesenlik en mens kan bloot wonder wat die potensiaal kan wees as hierdie onsekerhede uit die weggeruim word. Die Rand bied steeds geleenthede vir uitvoerders om goeie pryse te realiseer in die buiteland en alhoewel invoere se pryse steeds toeneem blyk die droogte in die Noorde afwaartse druk te plaas op nuwe en tweedehandse heelgoedere pryse. Infrastruktuur agteruitgang maak steeds opslae, met veral die hawens wat sukkel om vars produkte effektief te hanteer.

SSK se bedieningsgebied het 'n jaar van goeie reën en gunstige natuurtoestande beleef. Gevolglik is rekord-opbrengste wydverspreid gerealiseer. Oormaat reën in oestyd het egter 'n demper op die 2023 graanoes geplaas met kwaliteitsprobleme, veral met gars, wat 'n negatiewe finansiële impak gehad het. Veeboere kon bespaar aan voerkoste met goeie weidings na die voldoende reën. Hierdie was broodnodig gegewe die afwaartse druk wat op vleispryse ervaar is. Suiwelboere het goeie pryse vir hul melk gerealiseer, maar die volgehoue hoë mielieprys het diegene wat afhanklik is van vervaardigde voer, erge kostedruk ervaar. Die 2024-plantseisoen is afgehandel en daar het wydverspreide reën oor die Suid-Kaap en Tuinroete geval, beide voor en tydens planttyd. Die grondvoginhoud en damvlakke is ten tyde van hierdie skrywe oor die breër bedieningsgebied baie gesond. Ons sien uit na 'n geseënde landboujaar.

Vooruitsigte dui tans op laer plaaslike koringpryse, terwyl canola-pryse internasionaal tekens van verhoging toon. Moutgarsaanplantings blyk ook te normaliseer na die daling in hektare geplant van twee jaar gelede.

Vooruitsigte vir van die ander landbousektore is soos volg:


- Die suiwelbedryf ervaar deurlopende konsolidasie, met 'n kommerwekkende tendens in die Suid-Kaap van kleiner melkery wat staak. Die koeie word ook nie ten volle in plaaslike kuddes opgeneem



nie en word in groot hoeveelhede na die Oos-Kaap verskuif. Kostebestuur bly steeds die fokus van alle melkboere en sal moet voortgaan om volhoubaarheid te verseker. Goeie weidings en kuilvoervoorraad sal hopelik welkome verligting bring. Alle oë is egter op die Bek-en-Klouseer uitbraak in Humansdorp en kan die potensiele impak hiervan op die bedryf nie misgekyk word nie. Entstowwe bly onbeskikbaar en lei tot groot frustrasie van suiwelboere.

- Die vrugtebedryf het goeie oeste ervaar, en die swak Rand bied geleentheid om premies vir uitvoere te realiseer. Uiters gesonde damvlakke sal help om die opbrengste vir die volgende seisoen te onderlê. Internasionale pryse van vrugte het stabiel gebly, met aanvaarbare premies wat vir uitstekende kwaliteit verdien is.
- Die wynbedryf het goeie oeste behaal, maar die druk op kontantvloei is ver van verby, met kelders wat steeds sukkel om die effek van die pandemie op hul wynverkope te verwerk. Sprake van verlengde betaaltermes van kelders word alledaags gedeel.
- Die volstruisbedryf het 'n goeie jaar beleef, met goeie pryse wat vir kwaliteit velle en vere verdien word. Die veerprijs het effe teruggedraai, maar is steeds op goeie vlakke. Hoë voerkoste bly steeds 'n probleem, maar goeie natuurtoestande help diegene wat hul eie voer produseer. Die lusernprijs het ook wesenlik gedaal, wat verligting op hierdie front bied. Vleisprijs was meestal stabiel.
- Vleisprijs, veral skaap en bees, het verder teruggedraai, en vele abattoirs het hul deure gesluit in die afgelope jaar. Die enigste verligting vir veeboere is die laer voerkoste, a.g.v. goeie weidings. Verbruikersbesteding bly onder druk en goedkoper proteïenbronne word ingespan om sente om te draai.
- Die wol- en bokhaarbedryf het 'n bevredigende jaar gehad. Die mark vir natuurlike vesel bly hoogs sensitief tot die internasionale verbruiker se besteebare inkomste.
- Die groentebedryf se pryse het weinig verligting gebring, alhoewel groentesaadproduksie meer wydverspreid plaasvind. Uitstekende winste word hier gerealiseer, alhoewel op beperkte skaal. Daar blyk ruimte vir uitbreiding hier te wees.

SSK het 'n uitstekende finansiële jaar beleef, met weereens rekord waarde van sake gedoen, omset, bruto wins, bedryfswins en Ledebonusse wat gerealiseer is. Die netto wins was laer as in 2023, maar as die impak van die eenmalige dividend vanaf SwellenMark se verkoop van hul winkelsentrum uitgelaat word, het dit ook toegeneem. Direkte bestellings het hul groei voortgesit, gegewe die gunstige natuurtoestande wat deur die graangroei-eisoeën ervaar is. Alhoewel rekord graanoeste ervaar is, het kwaliteitsuitdagings gelei daartoe dat oorhoofse oorlaatskuldvlakke meerendeels onveranderd gebly het. Oninbare skulde het afgeneem, asook die voorsiening vir oninbare skulde. Dit is verblydend, en is SSK dankbaar vir uitstekende vlakke, gegewe die grootte van die debiteureboek. SSK se kredietbestuurspan is gefokus daarop om dinamies planne te beraam om in elkeen van die Lede se unieke finansieringsbehoefes te voorsien. Gegewe SSK se lae oorlaatkoste, relatief tot ons konkurrente, is daar egter gevalle waar oorlaatskuld verkies word alvorens skuldkonsolidasie nagestreef word, en word graan selektief bemark. Planne word beraam om hierdie tendense te bekamp.



SSK het 'n rekordjaar op Groepsvlak ervaar, met SOILL wat uitstekende resultate in 'n hoogs kompeterende mark gerealiseer het. Uitdagings wat betref die groter canola-oes is aangespreek deur grootskaalse produksie kapasiteitsuitbreidings in beide Swellendam en Moorreesburg. SOILL oorweeg die uitvoer van surplus canola voor oestyd ten einde druk op opbergings- asook produksiekapasiteit te verminder.

Tuinroete Agri, wat as 'n eiendomsverhuringsonderneming funksioneer, het sy winsgewendheid verder verbeter en 'n rekord netto wins opgelewer. Ooreenkomste is gesluit waardeur hierdie onderneming die vaste eiendom van die Humansdorpse Landbou Koöperasie gekoop het. Die oordragte van hierdie eiendomme is ten tyde van hierdie skrywe in proses. Al hierdie eindomme word verhuur aan die verkoper teen markverwante hure. Technifarm en Eureka Meulens het beide rekordresultate opgelewer. Sentraal-Suid Beleggings en SSK Petro Retail het met bevredigende netto winste afgesluit. Hessequa Abattoir het 'n uiters uitdagende jaar beleef en is die besluit na jaareinde geneem deur hul direksie om die abattoir te sluit. Potensiële huurders of kopers word gesoek vir die abattoir. Procuo Grain het 'n marginale verlies gerealiseer. Softlutions het 'n netto verlies gerealiseer. Vooruitsigte vir 2025 is beter met die verkoop van die Grainworx sagteware aan SSK. Die ander filiale van SSK was op jaareinde dormant. SSK se finansiële posisie is kerngesond en die finansiële prestasie uitstekend onder uitdagende omstandighede. Daar kon ook weereens met gemak voldoende finansiering vir SSK en sy Lede se bedrywighede verkry word.

Die bedryfsafdelings het uitstekende resultate gelever en was almal winsgewend, met slegs Handel wat 'n marginale daling in netto wins ervaar het. Meer besonderhede hieroor word in die aantekeninge later in die oorsig verskaf.

Ledetalle het gegroei en toon dat die koöperatiewe ondernemingsvorm aanklank vind by al hoe meer produsente. Die voordele van lidmaatskap lok al hoe meer produsente vanuit die grense van SSK se bedieningsgebied. SSK se swart aandeelhouing het stabiel gebly, met byna 70% van die Lede wat uit voorheen benadeelde groeperings afkomstig is.

Op 'n tegnologiese vlak is SSK steeds op koers met 'n goed deurdagte langtermyninligting- en tegnologiestrategie. Die rekenkundige en bedryfsagteware funksioneer uitstekend en is gebruikersvriendelik. Die implementering van die Qlik sagteware lei tot verbeterde bestuursinformasie en word reeds met groot sukses in die onderneming gebruik. Die data wat tot beskikking gestel word vir Lede en besigheidsvennote is eenvoudig, pasgemaak en toeganklik. SSK beskik ook oor 'n goeie balans van interne kennis en ondervinding, asook eksterne kundige diensverskaffers. Die netwerk, telefoonstelsel, e-possisteem, toegangsbeheer en bediener-infrastruktuur is wêreldklas en word deurlopend verder verbeter en vernuwe.

2024 was 'n geseënde jaar vir SSK en sy Lede. Die Personeel se toewyding aan ons Lede en kliënte is tasbaar en die rekord prestasies van baie van die bedryfsafdelings is 'n uitstekende bewys hiervan. SSK poog voortdurend om die behoeftes van ons Lede te identifiseer, te verstaan en daaraan met uitnemendheid te voldoen.


SSK se finansiële en operasionele prestasie was merkwaardig en ons is nederig dankbaar vir die omstandighede wat dit moontlik gemaak het. Tot voordeel van beide Lede en die organisasie, is die finansiële posisie wesenlik versterk.

Ons kan terugkyk op die 2024 finansiële jaar met baie dankbaarheid vir die resultate wat behaal is. Die Direksie, Bestuur en Personeel het deur uitdagende omstandighede hierdie jaar dit reggekry om ons Lede en kliëntebasis te versterk en uit te bou. Die motivering en ywer waarmee hul dagtake aangepak is, is 'n sprekende illustrasie van die lojale en toegewyde span wat SSK hul werktuiste maak. SSK se Lede, Direksie, Bestuur en Personeel het hard saamgewerk om hierdie resultate moontlik te maak onder uitdagende omstandighede. Ons wil almal vir hul bydrae hiertoe bedank. Hierdie resultate is egter nie net die resultaat van een jaar se opofferings nie en erkenning word gegee aan almal wat gehelp het om te bou aan die basis waarvan ons hierdie jaar begin het. Werk Saam, Wen Saam! SSK se Direksie, Bestuur en Personeel bly toegewyd tot die ondersteuning van die Lede en hul onderskeie boerderye en is dankbaar vir die ondersteuning wat SSK se Lede aan die organisasie bied. Alle eer aan ons Hemelse Vader vir die seëninge wat onverdienslik uit Sy hande ontvang is.

### TOTALE OMSET

Die totale omset met Lede en klante het toegeneem vanaf R 2 794 572 366 in die 2023 finansiële jaar tot R 3 111 832 624 in die 2024 finansiële jaar – 'n toename van 11.35%. Die toename is verblydend en is die gevolg van gunstige weersomstandighede in die bedieningsgebied en die gevolglike hoër volumes landbou-insette, wat veral in die graanbedryf ervaar is. 'n Rekord graan-oes kon behaal word, alhoewel daar uitdagings met kwaliteit ervaar is. Die waarde van sake gedoen het met 11.28% gestyg vanaf R4 226 730 487 in 2023 tot R4 703 366 110 in 2024.

### TOTALE OMSET



## NETTO INKOMSTE / VERDELING VAN SURPLUS

Die Koöperasie se bedrywighede het 'n netto inkomste voor belasting, maar na Ledebonusse, vir die jaar van R111 384 018 (2023 – R125 054 899) tot gevolg gehad. Ingesluit in die 2023 syfers is 'n likwidasiedividend van R38 023 271 ontvang vanaf SwellenMark (Edms) Bpk na afloop van die verkoop van die winkelsentrum.

Inkomstebelasting beloop R32 150 583 (2023 – R19 694 962) met 'n regstelling ten opsigte van die 2023 jaar van 'n addisionele R 1 040 428 wat aanvullend tot die 2024 syfer getoon word. Die afname in die voorsiening vir uitgestelde belasting beloop R3 387 820 (2023 – R2 308 595 toename). Die netto inkomste na belasting, maar voor bonusse, beloop dus R 161 580 827 (2023 – R173 051 341). Die surplus word soos volg verdeel:


Ledebonusse	R80 000 000
Uitgestel	R64 000 000
Kontant	R16 000 000
Reserwes	R81 580 827

## BEDRYFSREKENINGE

	2024				2023			
	Omset R	Bruto wins/(verlies) R	Bruto wins %	Netto wins	Omset R	Bruto wins/ (verlies) R	Bruto wins %	Netto wins
Meganisasie	387 710 689	53 477 758	14%	7 748 577	338 732 863	44 277 155	13%	4 683 897
Versekering	19 918 881	19 920 742	100%	5 921 091	17 897 639	17 897 639	100%	4 397 415
Handel	1 658 774 715	264 068 966	16%	65 336 967	1 619 147 088	245 311 541	15%	69 275 142
Saad	164 326 362	29 551 292	18%	18 177 724	128 835 086	26 663 388	21%	9 271 249
Graan	689 138 234	207 277 955	30%	42 921 594	449 603 038	150 609 614	33%	25 013 527
Veevoere	219 273 628	36 969 995	17%	2 495 988	263 893 111	33 086 678	13%	1 953 331
Administrasie	2 020 359	1 018 717	Nvt	19 074 886	1 753 665	4 143 151	Nvt	58 456 779
Interne koste	(29 330 245)	(19 462 505)	Nvt	–	(25 290 123)	(15 086 053)	Nvt	–
Netto wins na belasting voor Ledebonusse				161 580 827				173 051 341
Ledebonusse verklaar				(80 000 000)				(70 000 000)
<b>Totaal</b>	<b>3 111 832 623</b>	<b>592 822 920</b>	<b>19%</b>	<b>81 580 827</b>	<b>2 794 572 367</b>	<b>506 903 112</b>	<b>18%</b>	<b>103 051 340</b>

## BRUTO WINS PER DOELSTELLING

Die verhouding van bruto wins per doelstelling tot die totale bruto wins voor Ledebonusse ten bedrae van R592 822 919 (2023 – R506 903 112) is soos volg:



## TOTALE UITGAWES

Totale uitgawes (administratiewe en bedryfsuitgawes) het in die jaar onder oorsig met 12.52% gestyg. Dit is in ooreenstemming met die begrote syfers en is grotendeels gedryf deur die verhoogde koste verbonde aan bankkoste (eenmalige fasiliteitsfooie verteenwoordig die meerderheid van die toename), besker-mende klere, bedryfshuur, herstelwerk en onderhoud, personeelkoste, regskoste (grotendeels gedryf deur die kostes verbonde aan die Humansdorpse Landbou Koöperasie transaksie), rekenaaruitgawes, wa-ter en elektrisiteit, verpakkingsmateriaal (wat grotendeels deur die aankoop van silosakke gedryf is), verse-kering, voorsiening van waardeling van 'n filiaal (Hessequa Abattoir), en waardevermindering. 'n Eenmalige uitgawe ten bedrae van R13 132 136 vir verliese weens bedrog vorm deel van die 2023 uitgawes. Daar was afnames in bestuursdienste, graanberokingskoste, skoonmaakskoste en slegte skulde.

## DEBITEURE

Oorlaatskuld het marginaal toegeneem tot R273 434 360 (2023 – R263 124 387). Die toename kan toegeskryf word aan swakker graankwaliteit wat gerealiseer het vanweë oormat reën in veral oestyd. Daar is vanjaar debiteure ten bedrae van R1 272 275 (2023 – R3 604 261) as oninbaar afgeskryf. Die totale voorsiening vir twyfelagtige skuld was op jaareinde R6 433 337 (2023 – R7 425 844). Die afskrywings van handelsdebiteure is grotendeels toeskryfbaar aan een wesenslike debiteur ten bedrae van R1 231 398 wat as oninbaar geklassifiseer is.

## WAARDETOEVOEGING TOT BELANGHEBBENDES


		2024 R	2023 R	
Omset		3 111 833 624	2 794 572 366	
Netto kosprys van produkte en dienste		2 366 459 880	2 167 326 269	
<b>Waarde toegevoeg</b>		<b>745 373 744</b>	<b>627 246 097</b>	
Soos volg aangewend:	%			%
Werknemers	32,09	239 190 834	211 887 196	33,78
Lone/Salarisse	28,21	210 239 678	186 451 860	29,73
Aansporingsbonusse	3,89	28 961 479	25 195 336	4,02
Na-aftrede mediese koste	0,00	(10 323)	240 000	0,04
Kapitaalverskaffers	19,04	141 932 243	87 902 575	14,01
Rente	16,90	125 932 243	73 902 575	11,78
Bonusse uitbetaal	2,15	16 000 000	14 000 000	2,23
Toevoeging van bates	19,85	147 952 294	117 926 246	18,80
Waardevermindering	5,15	38 420 256	28 715 180	4,58
Herbelê in besigheid	19,87	148 074 926	158 855 741	25,32
Reserwes	11,28	84 074 926	102 855 741	16,40
Bonusse uitgestel	8,59	64 000 000	56 000 000	8,93
Inkomstebelasting	4,00	29 803 191	22 003 558	3,51
Na-aftrede mediese koste	0,00	(2 072)	(44 400)	(0,01)
Waarde toegevoeg	100,00	<b>745 373 744</b>	<b>627 246 097</b>	100,00

## BELANGRIKE FINANSIËLE VERHOUDINGS

Die volgende verhoudings is belangrike maatstawwe waarmee die finansiële toestand gemeet kan word:

	2024	2023
Netto winsgewendheid (na Ledebonusse)	2,62%	3,69%
Opbrengs op ekwiteit (na Ledebonusse)	6,39%	9,02%
Skuld : Ekwiteit	1,30	1,21
Rentedraende skuld : Ekwiteit	0,88	0,75
Bedryfskapitaal	1,30	1,29

## KAPITAALBRONNE



## FILIALE

Die prestasie van die filiaalmaatskappye (direkte en indirekte belang) en gesamentlike ondernemings vir die jaar onder oorsig, is soos volg:

	Omset	2024 Bruto wins	Netto wins/ (verlies)
Eureka Mills (Edms) Bpk	99 449 635	23 421 256	4 969 685
Hessequa Abattoir (Edms) Bpk	150 912 761	10 745 238	(3 984 758)
Proкуро Grain (Edms) Bpk	17 520 898	11 122 978	(267 490)
Riparian Investments Consortium 1 (Edms) Bpk	–	–	(8 281)
Sentraal-Suid Beleggings (Edms) Bpk	946 161	946 161	577 751
Softlutions (Edms) Bpk	6 600 400	6 600 400	(3 139 631)
Southern Oil (Edms) Bpk	3 803 554 909	699 271 123	185 630 990
SSK Petro Retail (Edms) Bpk	61 941 908	4 533 753	75 706
Swellen Mark (Edms) Bpk	–	–	–
Technifarm (Edms) Bpk	24 065 327	11 525 398	5 665 096
Tuinroete Agri (Edms) Bpk	21 029 940	16 175 591	14 698 425
Walts Malting (Edms) Bpk	76 818	76 818	(168 338)
	Omset	2023 Bruto wins	Netto wins/ (verlies)
Eureka Mills (Edms) Bpk	74 818 880	17 301 216	2 919 330
Hessequa Abattoir (Edms) Bpk	243 674 263	17 034 272	(391 586)
Proкуро Grain (Edms) Bpk	22 164 450	20 376 856	5 403 860
Riparian Investments Consortium 1 (Edms) Bpk	–	–	(15 524)
Sentraal-Suid Beleggings (Edms) Bpk	948 028	948 028	548 136
Softlutions (Edms) Bpk	6 021 990	6 021 990	(4 280 642)
Southern Oil (Edms) Bpk	3 975 074 723	1 125 687 567	134 123 954
SSK Petro Retail (Edms) Bpk	63 950 237	4 198 188	(7 380)
Swellen Mark (Edms) Bpk	8 201	8 201	24 562
Technifarm (Edms) Bpk	18 424 834	7 612 865	3 044 797
Tuinroete Agri (Edms) Bpk	16 023 525	11 358 523	9 363 676
Walts Malting (Edms) Bpk	72 700	72 700	(125 669)

## GRAAN

Die 2023 oesjaar het afgeskop met 154 534 hektaar aangeplant teenoor die 2022 oesjaar se 119 641 hektaar wat 'n toename van 29% verteenwoordig.

Daar was 'n 43% toename in koring hektare, grootliks in die Oostelike gedeelte van SSK se bedieningsgebied, 'n 23% toename in canola hektare gedryf deur veral toenames in die Swellendam, Karringmelksrivier en Heidelberg gebiede, tesame met 'n 15% afname in gars hektare met die Protem, Swellendam en Karringmelksrivier gebiede wat hier die grootste afnames getoon het.

Planttyd het gepaardgegaan met bo-normale reënval in SSK se bedieningsgebied en die tendens was dieselfde deur die ontwikkelingsfase van gewasse tot en met strooptyd.


Die eerste graan lewerings het die eerste week in Oktober 2023 in aanvang geneem en deurentyd met oes inname was die algemene stroop toestande nat. Dit het daartoe gelei dat SSK meer as die normale hoeveelheid nat graan moes droog.

Weens die nat oes toestande het SSK Silo's graan ontvang tot einde Januarie 2024 waar inname gewoonweg voltooi sou wees teen einde Desember.

Die gevolg van die oormaat reën in die ontwikkeling fase van die graan het daartoe bygedra dat 'n groot komponent van die moutgars oes as voergraad gerealiseer het, weens gebarste pitte.

Daarteenoor was die kwaliteit van canola, koring en hawer egter bo verwagting goed ten spyte van die hoeveelheid reën wat die gewasse ontvang het.

### Hektare in SSK-bedieningsgebied geplant.



